

SONDAG 2 Febr 2003

NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

Afkondigings:
-Woonplek/werk vir
vrou en kind
-Nagmaal volgende
week
-Oom Christiani oorlede

Hspitale:
-Francois Naude
-Petro Kriel
-Rentia Jordaan

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		Hennie Christo
	Seengroet		
	Votum	Ps 19:15 "Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser." Gebed	
	Lof & aanbidding	Suksesvolle breinoperasie JG31:1-3 Loof die Heer Hy is goed LB214 "Here, ons sal U loof" LB197:1-2 "Wonderbare koning" Voor die teater: "Wees stil en weet Ek is die Heer" JG51:1-4 "Wees stil en weet"	JG31:1-3 LB214:1-3 LB197:1-2 JG51:1-4 Hannes speel nog 'n vers (Gebed)
	Wet	Efes 4:25-5:5 "Riglyne vir die nuwe lewe" "As gevolg van julle word die Naam van God gelaster"	
	Skuldbelydenis	Stilgebed	Stil
	Genadeverkondiging	Eleison: "Kom kniel by die kruis"	musiek1
	Gebed		
	Skriflesing	Jes 40:12-14, Rom 11:33, Pred 11:5	Skrif
	Preek	"My gedagtes is nie julle gedagtes nie" **Pred 11:5 Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van 'n swanger vrou, net so min kan jy die werk van God verstaan. Hy doen dit alles.	Skrif In preek: **Hannes speel saggies: "Wat 'n vriend"
	Gebed		
	Offergawe	Diakens	Afkondigings
	Lied	Geloofsbelydenis: JG35:1-2 "O diepte van die wysheid" LB518:1-2 "Voel jy soms of die Here"	JG35:1-2 LB518:1-2
	Seën	S-1 "Seenbede"	

1. INLEIDING

Donderdag, terwyl ons by Unitas was vir my swaer se kind se breinoperasie...

- loop 'n ou vriend raak wat ek in 1984 laas gesien het
- Een van ons beste 1e span rugbyspelers.
- Altyd 'n baie voorbeeldige ou.
- Hy is getroud met 'n meisie wat ek dink ook regtig die Here ken.
- Een van die CSV-kringleidsters van daardie jaar.
- En na 18 jaar loop ons hulle twee in Unitas raak.

En ons vra vir hulle: hoekom is julle hier?

- En toe vertel hulle vir ons van hulle seuntjie.
- Hy is 4 jaar oud.
- Blakend gesond.
- In Nov 2002 het hy geval en sy been seergemaak.
- Tydens die ondersoek kom hulle agter dat daar 'n knop in sy been is.
- Kanker.

Chemoterapie van November af tot nou.

En laas week het hulle die kankergewas verwyder.

En nou sit hulle en wag o te hoor of die kanker reeds na die maag versprei het.

Ons wou graag vir hulle bid en het na die kindersaal gegaan waar die kleintjie lê.

- In die bed het 'n klein seuntjie gelê.
- Niks hare - die chemoterapie het alles laat uitval.

So ver as wat jy kyk in daai saal...

- is daar kinders met kaal koppies
- kinders met kanker
- kinders wat buite moes speel en lag en spring...

In plaas daarvan is dit chemoterapie...

- en ebstraling
- en operasies

En skielik het ek weer besef: Ek verstaan nie vir God nie.

“Ek is baie jammer ek is nie meer in BA I nie, want toe het ek al die antwoorde geken”

- Vandag moet ek bely: Ek ken al hoe minder antwoorde.
- En saam met Paulus (die skrywer van Romeine) moet ek ook vandag sê:
*O diepte van die wysheid en die rykdom en die kennis van God
hoe ondeurgrondelik is U*

2. DIT WAT HY DOEN/TOELAAT IS ONVERSTAANBAAR

Die Bybel is vol Vrae:

- Hoekom wou die Here vir Jakob doodmaak?
*Gen 32:²⁴ Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei.²⁵
Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom
stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het.²⁶ Die man het vir
Jakob gesê: “Los my, want die dag breek.” Jakob het geantwoord: “Ek sal jou net los as jy*

my seën.”²⁷ Toe vra die man: “Wat is jou naam?” en hy antwoord: “Jakob.”²⁸ Die man het gesê: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense ’n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou.”

- Hoekom strerf die persoon wat aan die ark raak?
2 Sam 6:⁶ Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, gryp Ussa na die ark van God om dit teë te hou, want die osse het gestruikel.⁷ Die toorn van die Here het teen Ussa ontvlam en God het hom net daar, by die daad van heiligs kennis, getref. Hy het op die plek gesterf, langs die ark van God.
- Hoekom wis die Here Agan se hele familie uit?
Jos 7:²⁴ Daarop het Josua en die hele Israel met hom saam Agan, die seun van Serag, geneem met die silwer en die mantel en die goudstaaf en sy seuns en sy dogters en sy beeste en sy esels en sy kleinvee en sy tent en alles wat aan hom behoort het, en hulle het hul na die dal Agor gebring.²⁵ En Josua het gesê: Hoe het jy ons in die ongeluk gestort! Die HERE sal jou vandag in die ongeluk stort! Daarop het die hele Israel hom gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en klippe op hulle gegooi.
- Hoekom laat Hy toe dat op een dag "185000" mense sterf?
2 Kon 19:³⁵ Daardie nag het ’n engel van die Here gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar.
- Hy laat toe dat 'n hele dorp se mans 'n vrou verkrag.
Rigt 19:²² Net toe hulle begin vrolik raak, omsingel ’n klomp straatboewe van die stad die huis en hulle slaan op die deur. Hulle sê toe vir die ou man aan wie die huis behoort: “Bring uit die man wat in jou huis gekom het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê.”²³ Die man aan wie die huis behoort, is na hulle toe uit en hy sê vir hulle: “Nee, vriende, moenie hierdie man kwaad aandoen nadat hy in my huis ingekom het nie. Julle moet hom nie so ’n lae ding aandoen nie.”²⁴ Hier is my dogter, sy is nog ’n maagd, en die man se byvrou. Ek sal hulle uitbring, verkrag hulle. Doen met hulle wat julle wil, maar moenie hierdie lae ding aan die man doen nie.”²⁵ Maar die mans wou nie na hom luister nie. Toe gryp die Leviet sy byvrou en stoot haar buitentoe na hulle toe. Hulle het met haar geslagsgemeenskap gehad en haar die hele nag deur tot die môre toe verrinneweer. Toe die rooidag breek, het hulle haar gelos.²⁶ Teen die môre se kant het sy by die huis gekom en voor die deur van die huis waarin haar man was, neergeval en bly lê tot sonop.²⁷ Toe haar man die môre opstaan en die huis se deur oopmaak om verder te reis, lê die vrou, sy byvrou, in die deur met haar hande op die drumpel.²⁸ Hy sê toe vir haar: “Staan op dat ons kan vertrek,” maar sy het nie geroer nie. Hy tel haar toe op ’n donkie en maak klaar en vertrek na sy plek toe.²⁹ Toe hy by die huis kom, vat hy ’n mes en die lyk van sy byvrou en sny haar op in twaalf stukke, lid vir lid, en stuur dit deur die hele gebied van Israel.
- Hy laat toe dat die farao alle babaseuns onder twee jaar doodmaak.
Mat 1:¹⁶ Toe Herodes agterkom dat die sterrekykers hom in die steek gelaat het, het hy woedend geword. Hy stuur toe soldate en laat in Betlehem en die hele omgewing al die seuntjies van twee jaar en jonger doodmaak, ooreenkomstig die tyd wat hy noukeurig by die sterrekykers uitgevra het.¹⁷ Toe is die woord vervul wat die Here deur die profeet Jeremia gesê het:¹⁸ “’n Gekerm word op Rama gehoor, ’n gehuil en groot gejammer: Ragel treur oor haar kinders en wil nie getroos word nie, omdat hulle nie meer daar is nie.”
- Hoekom laat Hy toe dat 'n dogter verkrag/gemolesteer word?
- Hoekom laat Hy toe dat 'n leier soos Robert Mogabe soveel mense se lewens neem?
- Hoekom doen Hy niks aan die mense wat sterf aan kanker nie?
- Waarom laat God toe dat kinders grootword in plakkerkampe?

- Waarom het Hy Hitler toegelaat om 15 miljoen Jode dood te maak?
- Waarom keer Hy nie 'n vliegtuig wat in 'n gebou in vlieg nie?

JOB

As daar iemand is wat rede gehad het om na te dink oor hierdie vraag was dit Job.

Job was 'n skatryk man.

Hy het alles gehad wat 'n mens kan hê.

En dit was nie al nie.

Hy was regtig 'n kind van die Here.

Die Bybel sê: daar was nie nog iemand soos Job nie.

Hy was uitstaande.

(Wederbaar?)

En in een dag verloor hy alles.

Gewapende roof

- 1000 trekosse
- 500 donkies
- slawe

Natuurramp - Weerlig

- 7000 skape en bokke

Gewapende roof

- 3000 kamele

Fratsongeluk

- 10 kinders opslag dood

Al wat oorbly: 4 slawe

Job 11:⁷ “Kan jy begryp wie God werklik is? Kan jy die Almagtige ten volle verstaan? ⁸ Dit is kennis wat hoër is as die hemele. Hoe kan jy daarby uitkom? Dit is kennis wat dieper is as die doderyk. Hoe kan jy dit bereik? ⁹ Dit strek verder as die aarde, wyer as die see.

- wat sê Job?
- hy sê ek kan God nie verstaan nie.
- ek verstaan nie hoe hy werk nie
- ek verstaan nie die dinge wat hy doen nie.
- ek verstaan nie die dinge wat hy toelaat nie.

Job 23:¹⁵ Daarom staan ek vreesbevange voor Hom, ek probeer verstaan, maar ek bly Hom vrees. ¹⁶ God het my weerstand afgebreek, die Almagtige het my met angs vervul.

- Job het die Here regtig geken - nê? (Ek dink so)
- En tog sê Job: ek verstaan Hom nie.
- Hy gaan nog bietjie verder: ek is lief vir Hom maar ek is bang vir Hom.
Vol vrees en angs oor God

(Interessant: Job se 3 vriende het al die antwoorde gehad.

- Hulle het gedink hulle verstaan vir God.
- Hulle was soos abie van die gelowiges vandag ook is.
- Hulle ken net al die antwoorde.
- Hulle verstaan vir God so goed

En Job: Die een wat die Here regtig geken het...

- Hy is eerlik genoeg om te sê: Ek verstaan Hom nie.
- Ek is bang vir Hom.

Het jy al ooit daaraan gedink dat jy 'n God aanbid wat jy nie kan verstaan nie.

Baie keer vra mense op huisbesoek: Dominee, hoekom dit...en hoekom dat?

Meeste van die tyd: "Ek weet nie"

Ek werk vir 'n God wat ek nie verstaan nie.

- Ek verstaan nie hoekom Hy baie keer nie ingryp nie.
- Ek verstaan nie hoekom Hy soms die dinge toelaat wat Hy doen nie.
- Ek verstaan Hom nie.

Job het al gesê: Ek verstaan Hom nie.

Ek probeer Hom verstaan - ek kan Hom nie verstaan nie.

Ek verstom my altyd aan die mense wat God so volledig kan verstaan.

-Dominee/pastoor wat by 'n siekbed kom en sê: Die Here SAL jou gesondmaak.

- Ja, die Woord sê so.
- Daar is baie beloftes in die Woord.
- En tog is dit so dat die Here baie keer NIE iemand gesondmaak nie.
- Goeie mense.
- Mense wat baie baie naby aan die Here leef.
- Wedergebore mense.

Vriende, ons verstaan nie vir God nie.

- En as ons meer eerlik is daaroor, sal die wêreld weer glo in God.
- Helfde van die artikels in die koerant, is nie geskryf teen God nie.
- Die meeste artikels in die koerant is geskryf teen gelowiges se goedkoop antwoorde oor God.
- Ons moet ophou voorgee dat ons Hom verstaan.

Habakuk staan in die gebedstoring.

Die land is stukkend.

Daar is geweld en opstand in Israel.

Onreg

Verkeerde dinge.

Dit lyk soos Zimbabwe.

Alles is dood.

Daar is nie meer diere en landerye nie.

En nou staan Habakuk in die gebedstoring en bid.

En hy smeek God om in te gryp - en hulle te red.

- En Habakuk het die Here goed geken.
- En Hy smeek namens die land.

En dan?

Dan val die Galdeërs hulle aan.

En verwoes die land dat daar genuïne niks oorbly nie.

God se kind vra vir uitkoms.

Die Vader stuur oorlog.

Onverstaanbaar.

Dawid skryf in Psalm 73:

- Ek verstaan dit nie.
- Die goddelose mense word net al hoe ryker.
- Hulle het net altyd genoeg.
- Hulle besittings word net altyd meer.
- Hulle grondgebied brei altyd uit.
- En dan skryf hy in 73:16

¹⁶ *Daarom het ek diep nagedink om dit te verstaan en was dit vir my bitter moeilik...*

Weet julle wat sê Dawid: "Ek verstaan Hom nie."

Ek verstaan nie hoe die lewe werk nie.

Job sê: ek verstaan Hom nie.

Ek kan Hom nie voorspel/peil nie.

As ek sien wat Hy dikwels doen, word ek bang.

- Dis nie ek wat so sê nie - dis Job.

En ek wil vandag eerlik vir julle sê:

- Ek het al vir baie mense gebed vir genesing - later hulle begrawe.
- Ek verstaan God ook nie.

Maar gelukkig hou God se onvertaanbaarheid nie hier op nie.

- Want Sy liefde vir jou is ook onverstaanbaar.

3. SY LIEFDE IS OOK ONVERSTAANBAAR

- Waarom het God die hemel verlaat om mens te word?
In al die ander godsdienste van die wêreld is daar nie nog 'n voorbeeld van 'n God wat by Sy mense kom woon nie.
Wat nog daarvan om in hulle plek te sterf.
 - Aan 'n kruis.
 - Tussen misdadigers.
 - Met al ons sonde op Sy skouers.
- 'n God wat klein kinders alreeds insluit in Sy genadeverbond.
 - Daar is vandag baie vroeë oordeel vir die kinderdoop.
 - Want dis vir ons moeilik om te glo dat klein kinders alreeds 'n teken kan kry.
 - Hulle moet dit eers verdien.
 - Hulle moet tog eers radikaal tot bekering kom...
 - Hulle moet tog eers Sy Naam bely...
 - Ons sukkel om iets te aanvaar wat onverstaanbaar is.
 - Sy liefde is onverstaanbaar.
 - Dit sluit klein kinders in.
- 'n God wat mense se lewens verander SELFS in die laaste weke of dae van hulle lewens?
Hy kon hulle gelos het dat hulle verlore gaan.
Hy kon hulle teruggekry het vir al die jare se ongehoorsaamheid.
En hy red hulle.
Soms in die laaste sekondes.
 - 'n God wat vir 'n misdadiger aan 'n kruis sê: vandag is jy saam met My in die Paradys.
 - 'n God wat die grootste vervolger van die kerk op die pad na Damaskus voorkeer en hom red - en hom dan gebruik om die grootste deel van die Nuwe Testament te skryf.
 - ONVERSTAANBAAR.
- Waarom laat God dit reën terwyl soveel mense nie eers vir Hom dankie sê nie?
- Waarom gee God 'n kind vir 'n pappa en mamma wat nie eers verdien nie?
Kom ons wees eerlik: nie een van ons verdien dit nie.
Ons kan lank praat oor hoekom God dit toelaat dat 'n kindjie totaal misvormd gebore word.
Het jy al ooit gevra hoekom hy dit so beskik dat die meeste kinders wat gebore word sonder gebrek is?

Hy's onverstaanbaar.

Sy liefde is onverstaanbaar.

Die manier hoe Hy sorg is onverstaanbaar.

- En as jy dink jy kan dit verstaan - moet jy gaan seker maak of jy nog besig is met die regte God.

- As jy dink jy kan Sy liefde vir jou verstaan/verklaar...
 - Dan moet dringend weer terugkom na die Here toe.
- Want Sy liefde is onverstaanbaar.

Charles Spurgeon - Groot engelse evangelis - 1857

Genooi om pragtige Crystal Palace in London te preek

Gaan altyd voor die tyd na die kerkgebou en toets die akoestiek ens.

- Die dominees van vandag kan nogal leer by Spurgeon.
- Hy het nie 15 minute vore die diens by die kerkgebou opgedaag en verwag alles moet werk nie.

Staan op kansel en roep: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! (Joh 1:29)

Wat Spurgeon nie geweet het nie: agter op die gallery tussen die banke was 'n eevoudige werker besig om die vloere te skrop...

En hierdie weker hoor skielik hierdie stem uit die hemel.

En hy gee sy hart vir Jesus.

Ons aanbid 'n onverstaanbare God.

Sy liefde is onvertaanbaar groot.

Pred 11:⁵ Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van 'n swanger vrou, net so min kan jy die werk van God verstaan. Hy doen dit alles. (HANNES)

Dieselfde Job wat gesê het: ek verstaan die Here nie - ek is bang vir die Here, skryf:

Job 36: ²⁹ Kan iemand verstaan hoe die wolke beweeg en hoe die weer dreun daar in die woonplek van God? ³⁰ Hy versprei die weerlig deur die lug, en bedek die bodem van die see. ³¹ So regeer Hy oor die volke en gee Hy kos in oorfloed.

Job 42 Daarna het Job vir die Here gesê: ² "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. ³ Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie.

Jesaja skryf oor God:

Jes 40:¹² Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg? ¹³ Wie kan die Gees van die Here peil, wie kan sy raadgewer wees? ¹⁴ Vir wie raadpleeg Hy dat dié Hom tot insig sou bring en Hom sou leer wat om te doen? Wie leer Hom en onderrig Hom dat Hy met insig kan optree? ¹⁵ Die nasies is vir Hom soos 'n druppel aan 'n emmer, soos 'n stoffie op 'n skaal. As Hy die eilande op 'n skaal sit, is hulle soos stofdeeltjies. ¹⁶ Al die hout op die Libanon is nie genoeg vir vuur op die altaar nie en al die wild nie genoeg vir 'n offer aan die Here nie. ¹⁷ Al die nasies is soos niks teenoor Hom, hulle is vir Hom minder as niks, asof hulle nie bestaan nie.

¹⁸ Met wie kan julle God dan vergelyk?

Jes 55:⁸ My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; ⁹ soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

4. SLOT

Jy kan Hom nie verstaan nie.

Jy kan Hom net bewonder.

En Hom aanbid.

En Hom vertrou - ook met die onverstaanbare dinge in jou lewe.

Sy liefde vir jou is onverstaanbaar groot.

Sy liefde vir die ou wat langs jou sit, is onverstaanbaar groot.

Sy liefde vir tollenaars en prostitute en dwelmslawe is onverstaanbaar groot.

Kom ons buig voor die onverstaanbare God....

[GEBED]

Preekstudie

1 Kon 19:1–15 Teks

'n Hele paar baie belangrike teologiese sake word in hierdie gedeelte aan die orde gestel. Een van die mees sentrale aspekte is seker die vraag hoedat God in hierdie wêreld werk, hoe sy Koninkryk kom. Die probleem waarmee Elia worstel is in 'n sin dieselfde as die van Johannes die Doper wanneer hy vanuit die tronk vir Jesus laat vra: “ Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?.[Matt 11:3]. Dit is ook hierdie vraag wat Jesus in die belangrike Koninkryksgelykenisse in Mark 4 behandel.

God se reaksie op die moedeloosheid van sy “uitgebrande” dienskneg hang hiermee saam. Die Here probeer vir Elia perspektief gee in sy verwarring oor hierdie saak. Dit is betekenisvol dat sowel Elia se ywer as sy vlug en moedeloosheid in baie sterk terme beskrywe word. Die term wat in vers 10 gebruik word vir sy toewyding aan sy taak as profeet is 'n besonder sterk term. Dit verwys na die entoesiasme van 'n buitengewone toewyding aan 'n saak. Ewe intens is Elia se moedeloosheid. Dat hy na Berseba vlug beteken dat hy so ver vlug as wat moontlik was—tot by die verste suidelike bewoonde gebied.

Dit is verder belangrik dat God in die gedeelte met Elia in gesprek tree. Die Here gee vir Elia die geleentheid om sy moedeloosheid en ontnugtering te verduidelik. God verskyn aan Hom en versterk so sy geloof. Verder help God hom om tot 'n ander [die regte!] perspektief en insig ten opsigte van sy probleem te kom. Die Here gee ook vir hom 'n nuwe opdrag—sodat Elia kan beseef dat God se saak inderdaad steeds voortgaan. Dit is moontlik dat daar 'n verband kan wees tussen die feit dat God nie in die storm nie, maar in die sagte stilte teenwoordig is en die feit dat God inderdaad op minder opsigtelike en skouspelagtige maniere sy Koninkryk op aarde laat kom. Elia moet daarom nie elke keer soek vir 'n “Karmel-ervaring” [1 Kon 18] nie, maar God vertrou dat Hy ook op baie minder opsigtelike maniere sy Koninkryk in hierdie wêreld laat kom.

In die Nuwe Testament gebeur presies dieselfde met die dissipels wanneer hulle na Jesus se kruisiging heeltemal ontnugter en verward is. [Vgl Joh 20:19–30] Jesus verskyn aan hulle, gee vir hulle sy vrede en gee aan hulle 'n nuwe opdrag. Ook hulle geloof word versterk deur die ontmoeting met God self deur die opgestane Jesus. En dit is 'n ontmoeting, sê Jesus self in vers 29 vir Tomas, wat na sy hemelvaart net so moontlik sal wees as tydens sy aardse bediening. Sowel in die Ou Testamentiese bedeling waarin Elia geleef het as in die tyd van Jesus se aardse bediening en in die heilshistoriese fase waarin ons vandag leef, ontmoet God mense [sy diensknegte] deur sy Woord en Gees en versterk hulle vir hulle moeilike taak.

Hoewel dit in 'n sin meer op die psigologiese aspek van die verhaal sien, is dit tog ook teologies van belang dat Elia se besembos-verhaal hom as profeet nader bring aan elke toegewyde Christen en dienskneg van God. Daar is 'n vlak waarop baie van God se kinders op aarde met hierdie Elia-ervaring kan identifiseer. Enige gelowige vir wie God se saak en die koms van God se Koninkryk op aarde regtig belangrik is, gaan deur sulke fases van ontnugtering, verwardheid en moedeloosheid. Dit lyk vir jou of al die ywer wat jy aan die dag lê vir die bevordering van God se saak eintlik geen verskil maak nie. Dit is die gevoel wat Elia in vers 10 verwoord. Omdat 'n mens hierin met Elia se ervaring kan identifiseer, kan jy uiteraard ook identifiseer met God se reaksie op Elia se moedeloosheid.

Die vraag of hierdie soort moedeloosheid van Elia nie eintlik 'n soort ongeloof of kleingeloof is nie, is natuurlik ook hier ter sake. Sou dit onbillik wees om te verwag dat juis in die lig van die betoning van God se mag en heerskappy by Karmel, Elia die dreigement van Isebel anders sou moes hanteer nie? Moes dit nie juis sy geloof versterk het nie? Daarom stel hierdie gedeelte ons ook voor die vraag na die verband wat daar moontlik is tussen moedeloosheid, ontnugtering en ongeloof.

Konteks

Anders as wat die geval is vanaf Advent tot Pinkstertyd, is daar meesal 'n minder direkte verband tussen die tekste in Koninkrykstyding en hierdie tyd van die kerklike jaar.

Ten opsigte van hierdie gedeelte egter, is daar eintlik 'n baie direkte verband. Die doel van Koninkrykstyding is immers om gelowiges bewus te maak daarvan dat dit wat ons in die eerste deel van die kerklike jaar gevier het [die koms en oorwinning

van Jesus] nou prakties gedoen en geleef moet word. Wanneer 'n mens dit as Christen regtig ernstig neem, gebeur dit amper noodwendig dat jy een of selfs meer kere in jou lewe ook so 'n "Elia-ervaring" het. Die feit dat jy dikwels so min vordering in die koms van God se Koninkryk op aarde sien, kan jou heeltemal perspektief laat verloor en inderdaad by hierdie intense ervaring van moedeloosheid bring. Daarom is God se reaksie op hierdie ervaring van Elia vir die Christen van baie groot waarde—veral in Koninkryktyd.

Daarom is daar baie meriete daarin om onder, andere soos Deist, hierdie gedeelte as 'n nagmaalsteks te hanteer [*Die Woord in Beweging*, 41]. Die opskrif wat hy daaraan gee, is "Die Besembos-Nagmaal". Soos God vir die moedelse Elia versterk het met die roosterkoek en die water, so versterk God telkens by die Nagmaal sy kinders met die brood en die wyn as tekens van God se oorwinning in Jesus, van die koms van sy Koninkryk en van sy konkrete teenwoordigheid in die wêreld en by sy kinders.

Uiteindelik is dit 'n gedeelte wat Christene wil troos en bemoedig en wat hulle wil help om met "God se oë" na die wêreld te kyk. Dit wil ons as Christene verlos van die [meesal onbewuste en onuitgesproke] siening dat die koms van God se Koninkryk eintlik van ons en ons menslike pogings afhang. Dit wil ons laat "ontspan"—vanuit 'n nuwe geloofsvertroue op God en die koms van sy Koninkryk!

Preekvoorstel

In 'n eerste rondte sou 'n mens kon aansluit daarby dat dit wat ons hier van Elia lees, eintlik totaal onverstaanbaar is. Hier is iemand ['n profeet!] wat kan glo dat 'n wolkie so groot soos 'n man se hand die einde van 'n drie jare lange droogte is; wat vir mense kan sê om haastig te wees anders oorval die reën hulle op pad en wat eers daarna gaan bid vir reën! Hier is 'n dienskneg van God wat 450 profete van Baal man alleen teenstaan; wat so pas by Karmel die wonderlikste bevestiging van die mag van God beleef het. En direk daarna sien ons hoe hy op grond van die dreigement van die goddelose Isebel so ver vlug as wat hy kan kom, hoe hy onder 'n besembos gaan lê en hoop dat hy sal sterf!

Maar wanneer 'n mens eers daarvoor begin dink, is dit natuurlik glad nie so onverstaanbaar nie. Om die waarheid te sê, as Christene kan ons baie goed met Elia se optrede identifiseer. 'n Mens sou op hierdie punt kon uitbrei daarop dat Elia se optrede verskillend verklaar kan word. Dit kan psigologies verklaar word as 'n tipiese depressie wat dikwels volg op een of ander groot hoogtepunt in jou lewe [ook as Christen en dienaar van die Here!]. Dit kan emosioneel verklaar word as die resultaat van uitbranding. Dit kan egter ook verklaar word as die moedeloosheid en verwarring van iemand wat gewoon nie kan verstaan hoe God in die wêreld werk nie; iemand wat homself [en haarself] amper uitbrand vir die saak van die Here en vir wie dit tog nie lyk of daar eintlik enige vordering is nie.

Ook hierin kan baie Christene met Elia identifiseer. Dit is 'n vraag wat ons baie dikwels pla en waarmee ons baie worstel. Baie voorbeelde en situasies sou hier ter illustrasie gebruik kan word [Bv die predikant in sy gemeente; sendeling in die sendingveld; kerkraad en lidmaat in die wyk; die Christen se pogings om Christelike waardes in die samelewing te vestig; opvoeders se insette in die lewe van kinders, ens].

Vervolgens kan uiteengesit word wat die reaksie van die Here beteken: begrip, gesprek, die betoning van sy heerlikheid, versterking, 'n nuwe opdrag, die versekering dat jy nie alleen staan nie en dat God se Koninkryk inderdaad kom—ook al lyk dit soms nie so nie en al kan jy dit dikwels nie "meet" nie. Uiteindelik wil hierdie gedeelte Christene troos en bemoedig—en opnuut aan die werk sit!